

JULLE MOET MEKAAR LIEFHÊ

1. **LEES** Johannes 13: 31 -35
2. **PRAAT SAAM:** Wat spreek jou aan in die gedeelte?
3. **LEES** 1 Johannes 4: 7-12; 5:1
4. **PRAAT SAAM:** Wat spreek jou aan in die gedeelte?
5. **HERINNER** mekaar aan die inhoud van ons gemeente se Visie. Asook vanjaar se Jaartema.
6. **NOEM** – sommer so uit die kop – die “mekaar”-tekste uit die Bybel waarvan julle kan onthou
7. **BESPREEK** – AFSONDERLIK - elkeen van die volgende redes waarom ons moet liefhê:
 1. Omdat God ons eerste liefgehad het
 2. Omdat dit God se opdrag aan ons is
 3. Omdat ons daardeur wys dat ons God liefhet
 4. Omdat dit wys dat ons gered is/kinders van God is
 5. Omdat ons as kerk ‘n familie is
 6. Omdat dit ons oefening vir die ewigheid is
 7. Omdat dit ons getuienis teenoor die wêreld is
8. **BESPREEK ELKEEN van die volgende stellings:**

God se liefde VIR ons is die rede om ander lief te hê

God se liefde IN ons gee ons die vermoë om ander lief te hê

God se liefde DEUR ons gee ons die manier om ander lief te hê
9. **TYD VIR GEBED:**

Dank die Here ook vir reën wat reeds deur Hom voorsien is

